

# N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

**Posbus 762, Oudtshoorn, 6620**
**Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn**
**GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000**

**VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk**

# Erediens: 16 Februarie 2020

# Prediker: Ds. Andries Potgieter

## Teks: 1 Korintiërs 3:1-9

## Tema: Dissipelskap is om, Jesus te volg.

**1 Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus.**

**2 Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle kon dit nog nie verteer nie. En julle kan dit ook nou nog nie verteer nie,**

**3 want julle is nog wêreldse mense. Daar kom jaloesie en twis onder julle voor. Is dit nie omdat julle nog wêrelds is en julle wêrelds gedra nie?**

**4 As een van julle sê: “Ek is vir Paulus,” en 'n ander: “Ek is vir**
**Apollos,” is julle dan nie nog wêrelds nie? 5 Wat is Apollos dan? Wat is**
**Paulus? Hulle is maar net dienaars deur wie julle tot geloof gekom het, en elkeen doen die werk soos die Here dit vir hom gegee het.**

**6 Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei**
**het. 7 Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie,**
**maar om God wat laat groei.**

**8 Die een wat plant en die een wat natgooi, staan op gelyke voet: God**
**sal elkeen beloon volgens sy werk.9 Ons is medewerkers in diens van**
**God, en julle is die saailand van God.**

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

## Lief en Leed

**Baie geluk aan ons sewentigplussers wat hierdie week verjaar:**

| | |
|---|---|
| **Esmé Blom** | 19 Februarie 2020 |
| **Harold Tome** | 21 Februarie 2020 |

**Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:**

- **Antoinette Erasmus** van Keyterstraat 29;
- **Deon Jacobs** van Theronstraat 8;
- **Flip Fourie** van Oudtshoorn Aftreeoord 16; en
- **Die Adlem en Mostert familie** van Oosthuizenstraat 12, met die afsterwe van Jenny Mostert.

- **Ons bid vir die volgende sake:-**
  - **uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;**
  - **maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;**
  - **moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië.**

## Sondag: 16 Februarie 2020

- Die deuroffers gaan aan **Gemeentefondse.**
- Die jeuggroepe verdaag net na die erediens na hul klasse.
- Almal word hartlik uitgenooi om 'n glas vrugtesap, in die sysaal, na afloop van die erediens te kom geniet.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

## Maandag: 17 Februarie 2020

- Die DVK vergader 18:30 in die konferensielokaal.

## Woensdag: 19 Februarie 2020

- Die **Vrouebybelstudiegroep** vergader om 09:00 en die **Mannebybelstudiegroep** om 18:30 in die konferensielokaal.
- **Kruispad** by Langenhoven Gimnasium om 18:00 vir al ons hoërskool leerlinge.

- **Belangrike datums vir die kwartaal: -**

**Sondag: 23 Februarie 2020**

- **Nagmaal** om 09:00.

**Woensdag: 26 Februarie 2020**

- **Aswoensdag:** Begin van Lydenstyd met 'n samekoms om 18:30 in die kerk.

**Dinsdag: 10 Maart 2020**

- **Bediening vir finansies** om 18:30 in die konferensielokaal.

**Dinsdag: 17 Maart 2020**

- **Kerkraadsvergadering** om 18:30 in die konferensielokaal.

**ALGEMEEN**

- **Nuwe lidmate** word versoek om u kontakbesonderhede in die boek op die tafel in die voorportaal aan te bring en ook die vorm gemerk "lidmaatbesonderhede" te voltooi en so spoedig aan die skriba te besorg.

- **Lidmaat gegewens-**
  Dit sal waardeer word as u asb. die kerkkantoor in kennis stel indien u e-posadres, selfoonnommer, telefoonnommer of woonadres verander. Dit help ons om ons rekords op datum te hou.

- **Nismuur by die kerk:**
  Ons nismuur by die kerk het volgeraak. Die kerkraad het besluit om nog 48 nisse by te bou. As gevolg van die ekstra nisse moes ons die nommers van die nisse verander om die 48 te akkomodeer. Die ou nisse se plek is nog dieselfde, net die nommers het verander. Lidmate word uitgenooi om te kom kyk na die nuwe nommer asb. Baie dankie vir julle samewerking in die verband.

**Welkom by die erediens, mag elkeen van ons opnuut die teenwoordigheid van die Here hier beleef!**


Die Here is my lig en my redder,
vir wie sou ek bang wees? Die
Here is my toevlug, vir wie sou
ek vrees. - Ps 27:1